

# Die motorkar

[Content hosted by iono.fm](#)

Dit is heerlik om ver te gaan stap, te draf of fiets te ry, maar dit is darem baie gerieflik (en lekker warm in die winter of as dit reën) om in 'n motor te kan ry. 'n **Motor** is 'n voertuig wat [wiele](#) het, 'n klein aantal passasiers kan vervoer en deur 'n enjin of motor aangedryf word om te beweeg. Vragmotors en busse is ook motorvoertuie, maar is baie groter as motors en kan baie passasiers en swaar vragte [vervoer](#).



Dit is moeilik om te dink hoe die lewe was voordat daar motors was. Motors en ander voertuie maak dit moontlik om binne 'n stad of selfs oor 'n hele vasteland te reis! Waar mense vroeër jare naby hul werkplek moes woon omdat hulle werk toe moes stap of [fiets](#) ry, woon mense nou ver van die werk af en reis maklik daaglik heen en weer tussen hul werk- en woonplek.

Ongelukkig het die koms van motors ook nadelige gevolge. Tienduisende mense sterf jaarliks of word beseer in verkeersongelukke. Stede is dikwels vol **verkeersknope** weens die baie motors wat daar is en petrol is 'n beperkte bron (niehernubare energiebron) wat die [atmosfeer besoedel](#) as dit as [brandstof](#) verbrand word.



## Deur die geskiedenis

Die eerste motor was 'n masjien met drie wiele wat deur stoom aangedryf is. Dit is in 1769 deur die Fransman Nicolas-Joseph Cugnot gebou. Dit was swaar en het baie stadig beweeg. Baie vervaardigers het gedurende die laat 1890's en vroeë 1900's stoomaangedrewe motors vervaardig. 'n Nadeel van stoom was dat water tot kookpunt gebring moes word voordat die motor kon ry. <sup>1</sup>



'n Gedenkplaat ter ere van Cugnot se stoomaangedrewe motor.

Gedurende dieselfde tydperk het ander vervaardigers motors gemaak wat deur elektriese motors aangedryf is. Elektriese motors het glad geloop en was maklik om te bestuur. Hulle het egter nie goed teen hoë snelhede gevaar nie en moes ook hul batterye ongeveer elke 80 km laai. Interessant genoeg word elektriese motors vandag weer baie gewild.

Die Belgiër Étienne Lenoir het in 1860 'n petrolaangedrewe binnebrandenjins ontwikkel. In 1876 het die Duitser Nikolaus Otto 'n verbeterde petrolenjins gebou. Petrolenjins was baie meer betroubaar. Die broers Charles E. en J. Frank Duryea het die eerste suksesvolle petrolaangedrewe motor in die VSA in 1893 gebou. Kort voor lank het verskeie mense fabriek opgerig om motors te vervaardig.

Talle mense reken dat Karl Benz die moderne motor uitgevind het. Hy het 'n vierslagbinnebrandenjins ("four stroke internal combustion engine") gebruik om sy Benz Patent-Motorwagen in 1886 aan te dryf. Hy het baie motors in 'n fabriek begin vervaardig en in 1888 in Duitsland begin verkoop.<sup>2</sup>



Karl Benz

Die Amerikaner [Henry Ford](#) het sy eerste motor in 1896 in Detroit in die Verenigde State van Amerika (VSA) gemaak. Ford het boonop die **monteerbaan** in 1913 bekendgestel. Dit het dit baie maklik gemaak om baie motors baie vinnig te vervaardig, want werkers bly op een plek en doen slegs een taak terwyl die onderdele op 'n vervoerband verbygaan. Ford het gou miljoene motors verkoop. Die Model T-weergawe was baie gewild en teen 1916 was 55% van alle motors in die wêreld Ford Model T's.



Ford se Model T-motor van 1921.

In die tydperk ná die [Eerste Wêreldoorlog \(1914-1918\)](#) het motors makliker geword om te bestuur en was ook baie geriefliker. Staalbakwerke en verwarmers het algemeen geword.



Henry Ford het sy eerste motor in 1896 in Detroit in die VSA vervaardig.

Ná die [Tweede Wêreldoorlog](#) (1939-1945) het motorvervaardigers kragstuur, kragremme en outomatiese kontroles vir vensters en sitplekke begin gebruik. Lugversorging het ook sy verskyning gemaak.

Aan die einde van die 1950's het Europese kompakte motors soos die Volkswagen Beetle 'n **sensasie** veroorsaak. Motorvervaardigers in die VSA het vanaf 1959 hul eie kompakte motors begin bou.

Teen die 21ste eeu het motorvervaardigers voertuie begin vervaardig wat van alternatiewe energiebronne gebruik maak. Sommige gebruik biobrandstof (soos etanol) of [batterye](#). Die suksesvolste alternatiewe motors word **hibriede** genoem. Dit werk met 'n kombinasie van petrol en elektriese krag.



## Het jy geweet?

Die dra van 'n veiligheidsgordel het eers in die vroeë 1980's volgens wet verpligtend geword in die VSA. Dit het amper 'n paleisrevolusie ontketen. 'n Gallup-peiling het in Julie 1984 getoon dat 65% van Amerikaners teen die dra van 'n **sitplekgordel** gekant was.

Hoewel dié “veiligheidsharnas vir motors” reeds in 1885 deur Edward J. Claghorn gepatenteer is, was veiligheidsgordels tot 1968 nog 'n “ekstra” wat op bestelling én teen 'n ekstra koste in motors geïnstalleer is. Vandag kan 'n mens jou nie indink om sonder 'n gordel in 'n motor te ry nie. <sup>3</sup>



'n Antieke motor wat rondom 1910 op die pad te sien was.

## Woordbank

<b>hibriede</b>	Voertuig wat van meer as een aandryfstelsel gebruik maak, gewoonlik om energie te bespaar of ekologies vriendeliker te wees.
<b>monteerbaar</b>	'n Band of ander vervoerstelsel waarop onderdele outomaties van een punt na 'n ander beweeg.

<b>sensasie</b>	Iets wat 'n opskudding of groot opgewondenheid veroorsaak.
<b>sitplekgordel</b>	Veiligheidsgordel aangebring aan 'n motor- of vliegtuigsitplek.
<b>verkeersknope</b>	Opeenhoping van voertuie wat weens 'n versperring of bloot weens te veel voertuie terselfdertyd op die pad nie kan voortbeweeg nie.

## Lees hierdie artikels om nog meer te leer

- [Die geskiedenis van die motorkar](#)
- [Feite oor karre](#)
- [Prettige motorfeite vir kinders](#)
- [Vervoer](#)

## Kyk na hierdie video's om nog meer te leer

**Die interessante geskiedenis van die motor**

**Hoe is motors uitgevind? Geskiedenis van dié vervoermiddel**